

Laurika-optrede 'n hoogtepunt

Deur: Estée de Villiers 2012-07-12 06:00

MET die eerste lied was ek reeds aan die tjank.

Ek het gewoonlik nie tyd vir Afrikaanse musiek nie. Wat my betref, kan Kurt sy seile span en Robbie sy leeuloop doen.

Maar vandag moet ek bieg, al kos dit my dalk al my street cred: Ek is 'n Laurika Rauch-aanhanger.

Haar optrede Dinsdagaand was vir seker een van die hoogtepunte op die Vryfees en een van my hoogtepunte vir die jaar.

Laurika het haar Nuwe Temas begin met 'n ou gunsteling: Blou.

Sy het mens laat verlang na almal wat jy liefhet, jou laat terugdink aan goeie ou dae en 'n mens laat wonder oor die lewe.

Dit was roerend. Ek het nie gedink dit kon enigsins beter nie. Toe sing sy haar eie weergawe van 'n Tom Waits-nommer. Sy het ook James Taylor, Die Heuwels Fantasties en Karen Zoid gesing.

Zoid se Engel het dele van Bob Dylan se Knockin' on Heaven's Door ingehad.

Haar laaste lied (voor twee encores) was Kinders van die wind tussen dele van Leonard Cohen se Hallelujah. Die kombinasie het baie goed gewerk en Laurika het al die eer vir dié kombinasie gegee aan Lulu van der Walt wat haar op klavier begelei het. Fanie Fouché het die klawerbord gespeel en het sy mooi stem veral laat hoor met die sing van Hallelujah.

Laurika se vertoning het my laat besef wat mooi is van Afrikaanse musiek. Pleks van die afgesaagde, oordrewe, soetsappige en cheesy lirieke (ek kan aangaan), praat haar liedjies met die kind in my. Sy sing nie net my huistaal nie, maar my moedertaal.

Tog hou ek steeds meer van die Engelse weergawe van Hot Gates.

“Warm hekke”, soos my ma dit noem, werk nie vir my nie.

Haar nuwe liedjies, soos die oues, vertel 'n storie. Een was 'n brief aan oudpres. Nelson Mandela en 'n ander oor hoe God die wêreld met 'n verfkwas en koffie in die hand verf.

Ek wens ek kon iets slegs sê oor die vertoning, vir 'n stukkie balans, maar ek kan nie. Selfs die ligte en klank was uitstekend.